24

191. T. 3 (4)

# DIE GEVARE VAN ONS SEëPRAAL.

Deur

PROF. H.B. THOM

VOORSITTER,

FEDERASIE VAN AFRIKAANSE KULTUURVERENIGINGE

(Voorsittersrede gelewer op die tweejaarlikse F.A.K.-Kongres, Clarendonsaal, Bloemfontein, 2 Oktober 1956)

Onlangs het iemand aan my gesê: „Vroeër was dit 'n voordeel om 'n oorlog te wen; vandag is dit 'n nadeel!"

My onmiddellike reaksie was: Dit is 'n skokkende stelling om te maak! Dit kan tog skaars waar wees! - Maar as ons gaan stilsit en kalm nadink, sal ons sien hoeveel waarheid daar in hierdie stelling steek.

'n Opmerking wat tot 'n sekere mate dieselfde strekking het, het ons ná die tweede Wêreldoorlog soms gehoor. Daar is gesê: Die Verenigde State, Rusland, die Britse Gemenebes en hulle bondgenote het die oorlog gewen; nou moet hulle oppas dat hulle nie die vrede verloor nie! En die jare wat sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog verloop het, het dan ook aangetoon dat daar wel gevaar bestaan dat hulle die „vrede kan verloor."

Hierdie uitsprake dui daarop dat 'n stryd vir die oorwinnaar nog nie gewen is as hy die oorwinning behaal het nie. Hulle dui daarop dat daar, ná die oorwinning, nog 'n moeilike taak vir die oorwinnaar wag: hy moet toesien dat hy, uit die onmiddellike voordele wat die oorwinning vir hom besorg, die blywende voordele put wat hom waarlik, en op die duur, tot oorwinnaar maak. As hy met die onmiddellike voordele tevrede is; as hy hom nie daarop toelê om die onmiddellike voordele voortdurend en permanent in sy diens aan te wend nie, dan sal sy oorwinning vir hom op die duur miskien nie 'n voordeel wees nie maar 'n nadeel. Dit kom daarop neer dat 'n mens nie net 'n

pligsgetroue, ...../2

pligsgetroue, toegewyde, suksesvolle stryder moet wees nie; jy moet ook 'n pligsgetroue, toegewyde oorwinnaar wees. Jy moet stry om die oorwinning te behaal, en dan moet hy weer stry om die oorwinning reg te gebruik. Hieruit volg dat daar gevare aan 'n oorwinning verbonde kan wees, en dat die oorwinnaar sy oë gedurig vir hierdie gevare moet oop hou.

Laat ons nou by ons eie volk kom. Ons volk het ook 'n stryd gehad om te stry - en hy stry dit inderdaad vandag nog. Ek dink nou nie soseer aan die staatkundige stryd, die stryd met die swaard nie, maar ek dink veral aan die kultuurstryd. Ons volk het 'n kultuurstryd gehad, en ofskoon hy vandag nog daardie stryd stry, het hy tog ook al grotendeels die oorwinning gesmaak.

Waarom kan ons sê dat ons grotendeels die oorwinning gesmaak het?

Daar was 'n tyd gewees toe die Afrikaner wel sy taal in sy huisgesin en in die alledaagse omgang met sy mede-Afrikaner gepraat het, maar toe hy in werklikheid nog nie geweet het dat hy 'n eie taal het nie. Hy het toe, as hy in Kerk en biduur ernstig en waardig wou praat, Nederlands probeer praat; en hy het ook, as hy in Regeringskantoor en sitkamer fyn beskaaf wou wees, Engels gepraat. Die eerste, die gebruik van Nederlands, het by hom 'n vaste, diep-ingewortelde gewoonte geword: ons hoef nie eers baie oud te wees om te onthou hoedat die eerste preke in Afrikaans deur baie Afrikaners as 'n soort van heiligskennis beskou is nie, en hoedat jong Afrikanerkinders, wat nog geen benul van Nederlands gehad het nie, tuis en in die Sondagskole geleer is om in Nederlands te bid. Die tweede, die gebruik van Engels, is vir ons doelbewus van bo af ingeprent: in vooraanstaande kringe in die sosiale lewe het 'n mens Engels gepraat; in minnebriewe het jy Engels geskryf; en in Regeringskantore het jy ook Engels gebruik. By sommige het dit maar skeef en krom gegaan, maar dit was darem Engels, en daarom was dit beter as Afrikaans en ook beter as Nederlands. Die Regeringsbeleid

was daarop gemik om die Afrikaner te verengels, en dit kon die beste gebeur as hy hom van die Engelse taal bedien en sy eie taal vergeet of verag.

Maar die Afrikaner het hom van sy eie taal bewus begin word. Hy het weldra ontdek dat hy sy diepste, sy verhewenste en inhoudrykste gedagtes die beste in Afrikaans kon uitdruk; hy het sy taal as sy eiendom aanvaar en dit leer liefkry en waardeer. Hy het die stryd vir die erkenning van Afrikaans aangeknoop, in Kerk en Skool en Staat, en hy het die oorwinning behaal. Wat meer is, hy het sy taal nie net gepraat nie, hy het dit ook geskryf, en in die loop van 'n geslag is 'n letterkunde opgebou wat, ofskoon nog jonk en klein, deur sy tintelende, bruisende lewenskrag die bewondering van vriend en vyand afgedwing het.

Die kulturele oorwinning van die Afrikaner word ook in sy onderwys duidelik gesien. Daar was dae toe die onderwys op Engelse lees geskoei was, toe Engelse onderwysers ingevoer is, en toe Afrikanerseuns en -dogters in die Engelse taalmedium hulle onderwys ontvang het. Só ver het dit gegaan dat selfs Nederlandse grammatika in die Engelse taal geleer is! Die Afrikanerkind het onder die groot nadeel gebuk gegaan dat hy in sy opvoeding gedurende sy ontvanklikste jare, wanneer hy gehelp moes word om probleme die gouste en die maklikste te vat - iets wat uit die aard van die saak die beste in die moedertaal kan gebeur - eers met 'n vreemde taal as medium van sy onderwys moes worstel. D.w.s. sy taak was tweëerleid: eers moes hy die vreemde taal van die onderwys baasraak, en tweedens moes hy die inhoud van sy leerstof begryp. Daarteenoor het die Engelssprekende seun en dogter nie die taalmoeilikheid gehad nie, en kon hulle onbelemmerd net op die inhoud van hulle leerstof konsentreer. In vergelyking met die Engelssprekende kind het die Afrikanerkind dus 'n groot nadeel gehad; sy taak was veel moeiliker.

Vandag het dit alles egter heeltemal anders geword, dank sy die onvermoeide stryd van Afrikanerouers, Afrikanerkultuurorganisasies, Afrikanerkerke, Afrikaneronderwysersverenigings en inderdaad ....../4

en inderdaad ook Afrikanerkinders self. Afrikaans het as medium van die onderwys volle erkenning gekry, en selfs in stedelike gebiede bestaan daar vandag skole met Afrikaans as voertaal, sodat die Afrikanerkind nou nie meer met die dubbele probleem in die onderwys hoef te worstel nie.

Nie net in die gewone onderwys nie, ook in die hoër onderwys het Afrikaans en die Afrikaner tot sy reg gekom. Die helfte van die universiteite van ons land is vandag Afrikaanse universiteite. Jong Afrikaners word daar, in hulle moedertaal, deur gesaghebbende Afrikanergeleerdes, onderrig. Jong Afrikaners ontvang daar onderwys, waardeur hulle self gesaghebbendes op hulle vakgebiede word; hulle word daar geleer om oorspronklike navorsingswerk te doen en aldus bydraes van nuwe kennis tot hulle vakgebiede te doen; en in die atmosfeer en omgewing van die Afrikaanse universiteit, met die groot verskeidenheid van faktore wat daarop inwerk, word hulle persoonlikheid en karakter gevorm. Hier aan die universiteite word jong manne en jong vroue opgelei wat later die leiers in die samelewing word. Ons universiteite het vandag een van die grootste kultuurbates van die Afrikaner geword.

In die kulturele oorwinning van die Afrikaner het die Afrikanerhuisgesin 'n vername rol gespeel. Die huisgesin, wat so 'n betekenisvolle krag in die lewe van 'n volk is, het vir ons volk behoue gebly. In ons geskiedenis sal ons waarskynlik weinig ander kultuurkragte kry, wat so 'n verreikende, beslissende invloed in ons volkslewe uitgeoefen het soos ons huisgesin. In die dae van die pioniersgeslagte, toe die voortbestaan van die blankedom en die behoud van die Christendom in Suid-Afrika dikwels aan 'n draadjie gehang het, was dit die huisgesin wat, op die grondslag van bv. die familieband en die Gereformeerde Godsdiens, groepe mense byeen gebring en byeen gehou het. En omdat dit die kleiner groepe, die selle waaruit die volk bestaan, byeen gehou het, het dit ook die volk byeen gehou.

Dit is waar ...../5

Dit is waar dat die eenheid van ons huisgesin vandag deur baie, en ernstige, faktore bedreig en ondermyn word. Maar dit is ook waar dat ons ons huisgesin vandag nog het; en dit is ook waar dat ons huisgesin, vir bv. ons taal en ons letterkunde en ons onderwys, vandag nog grotendeels die geestelike bodem uitmaak waarop hierdie kultuuruitinge kan voortbestaan en gedy.

Ek wys ook op ons Godsdiens. Hier het ons 'n deurslaggé-wende kultuurkrag in die lewe van die Afrikaner. Ons Godsdiens het saam met ons volk sy martelweg in Suid-Afrika geloop. Die Afrikaner het hom egter van sy Godsdiens bewus gebly: op gereformeerde, Calvinistiese grondslag het hy sy eie Kerke opgebou en uitgebou. Vandag is die Afrikaner se Kerke goed en heg gevestig. Die Afrikaner se Kerk gee vir hom die geestelike tuiste wat hy so onmisbaar nodig het as hy sy koers en plig vir die toekoms nie wil byster raak nie. Die Afrikaner se Kerk het ook veel verder as die Afrikaner self gereik: die Kerk het hom, veel meer as enige ander private liggaam of organisasie, die lot van die nie-blanke aangetrek om ook aan die nie-blanke die lig van die Evangelie en die voordele van die onderwys te bring.

Daar is ook ons ekonomiese vooruitgang. Jarelank het die Afrikaner teen armoede geworstel. Weliswaar was daar 'n klein klompie Afrikaners wat met 'n min of meer gevestigde lewe ryk geword het, maar die oorgrote meerderheid van ons volk moes hulle inspan om 'n donker wêrelddeel vir die blanke bewoonbaar te maak, 'n proses wat nie rykdom meebring nie, maar wat gedurige opoffering vra en wat mense arm maak, dikwels brandarm. Die resultaat het ons later voor ons oë gesien: byna drie-honderd-duisend blanke armes - ongeveer een-vyfde van die Afrikanervolk. Hierdie verskynsel was seer seker nie bevorderlik vir die kulturele bloei van die Afrikanerdom nie, want ons weet dat groot kultuurprestasies nie gelewer kan word, en 'n bloeiende kultuurlewe nie opgebou kan word, as mense hulle heeldag moet inspan net om genoeg byeen te bring om aan die lewe te bly nie.

Ook dit het ...../6

Ook dit het vandag anders geword. Ons het aanskou hoe tal van Afrikaners welvarend geword het; hoe Afrikaners op die platteland goeie inkomstes uit hulle boerdery gekry het; en hoe Afrikaners in dorpe en stede 'n groter aandeel aan die professies en aan handel en nywerheid begin neem het. Daar het ook 'n groot wonderwerk plaasgevind: die kwellende, sielsverstorende probleem van honderde duisende blanke armes het verdwyn. Dit is wel waar dat ons kongresse en ander vergaderings gehou het en naarstiglik na middele en weë gesoek het om hierdie probleem op te los; dit is waar dat baie van die armes na die stede en dorpe gegaan het, waar hulle, ten gevolge van 'n ongekende toename in werksmoontlikhede, nuwe middele van bestaan gevind het. Maar al is dit alles só, glo ons nogtans dat hier waarlik 'n wonderwerk plaasgevind het. Die probleem was só groot, en ons beste pogings was só nietig, dat ons uit onsself tog maar niks vermag het nie: ons glo dat niks sonder die Wil van die Here plaasvind nie; ons glo met vaste oortuiging dat die oplossing van hierdie groot vraagstuk die werk van die Here is.

Laat my ook nog na die staatkundige terrein verwys. Met die besonderhede van ons politieke lewe, en met verskille tussen politieke partye, het ek vrede. Maar die fundamentele feite is dat die Afrikaner in staatkundige ervaring toegeneem het, en dat hy 'n steeds groeiende aandeel aan die staatkundige lewe van sy land geneem het. Ons sien dan ook dat dit veral die Afrikaner is wat die politieke leiers vir Suid-Afrika opgelewer het, en dat dit vernaamlik onder leiding van Afrikanerstaatmanne is dat Suid-Afrika groot en betekenisvolle staatkundige stappe vooruit gedoen het: onafhanklike republieke is gestig; ná die vernietiging van die republieke, is die vier geweste in die Unie van Suid-Afrika saamgevoeg; die Unie van Suid-Afrika het Dominium-status verkry; en uit Doninium-status het, met die Statuut van Westminster en die Statuswette, 'n vrywel onafhanklike Suid-Afrika ontstaan.

In hierdie dinge het die Afrikaner 'n belangrike, 'n beslissende aandeel gehad, en in die staatkundige lewe van Suid-Afrika het hy vandag 'n belangriker, 'n beslissender aandeel as ooit tevore. Hierdie feite toon vir ons aan dat die Afrikaner staatkundig mondig geword het, en dat hy hom op die staatkundige terrein met geesdrif in die diens van sy land gaan stel het.

Die verskynsels wat ek genoem het, by name die vooruitgang van die Afrikaanse taal en letterkunde, die vooruitgang van die onderwys, die vestiging van Kerk en Godsdiens, die ekonomiese vordering en die staatkundige bewuswording, al hierdie dinge moet grotendeels verklaar word uit die feit dat daar onder Afrikaners 'n solidariteitsgevoel ontstaan het. Daar het die besef gekom dat Afrikaners se materiële en geestelike belange grotendeels dieselfde is; dat die Afrikaners, in die bonte bevolkingspatroon van Suid-Afrika, die vernaamste - en potensieel die invloedrykste - element is; dat Afrikaners geen ander vaderland as Suid-Afrika het nie; dat hulle op hulleself aangewese is, en dat hulle hulle heil hier in Suid-Afrika moet uitwerk. Dit het hulle na mekaar toe gebring, en hulle 'n doelgerigtheid en beslistheid gegee wat nie in dieselfde mate by ander bevolkingsgroepe aanwesig was nie. So is 'n saamhorigheidsgevoel geskep, wat weldra 'n solidariteitsgevoel geword het: Afrikaners het gevoel dat hulle nie net bymekaar hoort nie, maar dat hulle gesamelike pligte en verantwoordelikhede het, en dat hulle tot op sekere hoogte inderdaad gesamelik vir mekaar verantwoordelik is.

As ons na al hierdie verskynsels kyk, dan het ons rede om te sê dat die Afrikanervolk die oorwinning gesmaak het. Daarmee bedoel ek nou glad nie dat die oorwinning volkome is nie, of dat daar vandag by ons, op die gebiede wat ek genoem het, geen swakhede meer is nie. Inteendeel, ons weet dat daar vandag nog ernstige swakhede is.

Ons weet bv. dat daar vandag baie Afrikaners is wat nog nie geleer het om hulle in die openbare lewe en die sakelewe van Afrikaans te bedien nie, en wat ook nog nie los gekom het

van 'n ou, ingewortelde gewoonte om Engelse koerante bo Afrikaanse koerante te verkies nie. Ons weet ook dat ons huisgesin vandag bedreig en ondermyn word. Die ou woonhuis, met sy ruim, tipiese vertrekke en groot tuin, word vandag meer en meer deur die woonstel vervang, wat wel 'n huis is, maar sekerlik nie die ou woonhuis se plek kan inneem nie. Lewenskoste het vandag só geweldig gestyg dat dit dikwels nodig is dat sowel vader as moeder sal werk en verdien, sodat die huis en huisgesin vir baie nie meer die warmte en vormende invloed van vroeër het nie. Nuwe verkeersmiddele en nuwe vermaaklikheidsvorme bring ook mee dat ons mense meer en meer buite die huisgesin getrek word.

Ons weet ook dat daar vandag nog Afrikaners is wat nie in die Afrikaans-medium skool glo nie: hulle laat hulle mislei deur die kreet van ons vyande, nl. dat die Afrikaanse skool ons van ons Engelse mede-burgers vervreem en aldus samewerking tussen die rasse belemmer. Hulle laat hulle ook liggelowiglik wysmaak dat die tweede landstaal in die Afrikaanse skool afgeskeep word, dat die Afrikaanse kind daar nie behoorlik Engels leer nie, en dat sy toekoms daardeur benadeel word. En ons weet ook dat daar nog Afrikaners is wat in die sakelewe sonder die minste gegronde rede, en net omdat dit gewoonte geword het, by hulle mede-Afrikaner verby loop om met die nie-Afrikaanse saak te handel. Al hierdie verskynsels is daar, en ons kan ons oë daarvoor nie sluit nie.

Maar nogtans sal ons geredelik saamstem dat die Afrikaner in die loop van omtrent 'n honderd jaar groot vordering gemaak het, en dat, ten gevolge daarvan, Suid-Afrika op kulturele gebied, op ekonomiese gebied en op staatkundige gebied vandag grotendeels 'n nuwe aanskyn gekry het.

Maar dis juis nou, in die uur van ons seëpraal, wanneer alles vir ons so mooi en so maklik lyk, dat ons moet wakker loop en dat ons dubbel op ons hoede moet wees. Nou is dit die tyd dat ons ernstig moet nadink oor die skokkende stellinge wat ek aan die begin genoem het. Ons het, in kulturele sin, die oorlog gewen,

maar sal ...../9

maar sal dit vir ons op die duur 'n voordeel of 'n nadeel wees? Ons het, in kulturele sin, die oorlog gewen, maar loop ons nie gevaar om die vrede te verloor nie? Laat ons ons nie blind staar op die glans van die oorwinning nie; laat ons besef dat dit, naas die glans en die skoonheid daarvan, ook gevare vir ons inhou.

Nou wil ons in hierdie verband glad nie uitbrei op ons swakhede wat pas in die verbygaan genoem is nie. Maar ons wil op die geestesstemming let wat die oorwinning gewoonlik met hom meebring en op die gevare wat in daardie geestesstemming vir ons toekoms skuil. M.a.w. ons wil nie op tydelike verskynsels let nie, maar op fundamentele, geestelike grondslae, wat bepalend vir ons toekoms kan wees.

Een van die grootste gevare vir die oorwinnaar is dat hy maklik in sy toewyding en ondernemingsgees kan verslap. Solank as 'n mens moet veg, solank as jy swaarkry en beur, sal jy wakker en ondernemend planne maak om vooruit te kom. Jy sal jou geestelik en liggaamlik inspan: jy sal gedurig wik en weeg en ondersoek, en jy sal vroeg opstaan en laat gaan slaap. Jy sal voel dat jy 'n ideaal nastrewe, en jy sal jou geestelik en liggaamlik afsloof om daardie ideaal te bereik. Maar as jy die oorwinning behaal het, as jy die ideaal bereik het, dan is daar dikwels nie meer die aansporing nie: jy verloor jou ondernemingsgees en jou toewyding. Jy verloor dan die voordele wat die oorwinning vir jou besorg het, en ander mense, wat ondertussen - net soos jy self vroeër - hard moes werk en hulle onophoudelik moes inspan, gaan jou verby.

Soos dit met die indiwidu is, só is dit ook met volke. 'n Volk is wakker, lewendig en ondernemend as hy moet worstel en veg, maar hy verloor dikwels sy toewyding as hy eers die oorwinning behaal het. En ander minder bevoorregte volke, wat ondertussen die swaar pad moes loop, kom op en gaan hom verby.

Pas dit nou ...../10

Pas dit nou op ons eie volk toe. Dit het stryd en toewyding gekos om te kom waar ons vandag is. Ons leiers het swaar gekry en gewik en geweeg en planne gemaak. Ons ouers het gesoek en oorweeg in welke rigtings die beste toekoms vir hulle kinders lê, en dan het hulle opofferings gaan maak om hulle kinders vir daardie toekoms op te voed en voor te berei. Ons jong mense het uitgegaan, dikwels uit brandarm huise en met elke pennie geleende geld, om hulle vir die taak van die toekoms te bekwaam.

Ons het die oorwinning behaal. En vandag? Het ons nog daardie toewyding, daardie ondernemingsgees, wat ons gebring het waar ons nou staan, en wat vir die toekoms onontbeerlik is? Ons het al gesien hoe jong Afrikaner-erfgename die swaar-gewonne erfenis van hulle ouers binne enkele jare deurbring. Ons het al gesien hoe 'n Afrikanerseun die plaas wat sy vader vir hom nagelaat het, die erf van die vadere waarin die arbeid en die liefde van voorgeslagte opgegaan het, aan die hoogste bieder verkoop om daarna uit 'n onsekere rente-inkomste 'n inhoudlose bestaan te vind. Ons het al gesien hoe 'n jong Afrikaner, wat die kans het om 'n deeglike universiteitsopleiding te geniet, opsien teen die moeite wat dit meebring en verkies om maar liewer ná Matriek te gaan werk. En ons het ook al gesien hoe 'n Afrikanerstudent, nadat hy aan die universiteit sy eerste graad verwerf het, 'n goeie beurs vir verdere studie van die hand wys, omdat hy opsien teen die moeite wat met verdere studie gepaard gaan. Hier het ons een van die grootste gevare van die oorwinning: dit kan ons toewyding, ons ondernemingsgees, wegneem. Hierteen moet ons gedurig waak, want ander kan ons verby gaan, miskien veel gouer as wat ons dink.

Ons noem 'n ander gevaar: Die afstomping deur die weelde. Dit is nou verwant aan die voorgaande, maar dit kom tog weer op ietwat ander wyse tot uiting.

Die Franse wysgeer Montesquieu het die gesonde, burgerlike middelstand geroem. Hy het gesê dat die welvaart van die Staat in die eerste instansie van 'n talryke, hardwerkende, betroubare middelstand afhanklik is. Nie die rykes nie, nie húlle wat in weelde leef nie, maar húlle wat van dag tot dag eerlike arbeid verrig om 'n fatsoenlike bestaan te vind, dis húlle wat die mooiste en beste in die volk verteenwoordig en wat die ware ruggraat van die land uitmaak.

Van ons eie volk sou dit ook gesê kon word. Ons is vandag nie 'n volk van rykes nie, maar ons is ook nie 'n volk van armes nie. Ons volk bestaan hoofsaaklik uit mense van die min of meer welvarende burgerlike tipe; dis hierdie mense wat die kern van ons volk uitmaak, en wat 'n gesonde, betroubare kern moet vorm. Solank hulle hardwerkend is, solank hulle nie in oorvloed en weelde leef nie, só lank sal hulle ook 'n gesonde kern kan bly.

Maar ons het in die afgelope jare gesien hoe rykdom en weelde onder ons mense toeneem. Nou moet ons goed verstaan: daar is met rykdom en weelde as sodanig niks verkeerd nie, mits 'n mens maar die gevare daarvan besef en voortdurend teen die gevare waak. Weelde is geneig om af te stomp en 'n mens net aan jouself, jou persoonlike belange en gemak, te laat dink. Mense wat in weelde leef, gee in die reël nie veel vir ander om nie, en hulle word nie gekenmerk deur ongedwonge gasvryheid, spontane medelye en ruimhartige mededeelsaamheid nie. Hulle is teveel met hulleself besig; hulle het nie tyd om hulle die lot van armes en lydendes aan te trek nie.

Weelde het ook die neiging om 'n persoon, en 'n volk, se weerstandsvermoë te ondermyn en hom „sag" te maak. Dit is waar in fisiese sin, en dit is ook waar in geestelike sin. Mense wat nie lekker lewe nie en nie oor alle geriewe beskik nie, maar wat sober leef en hulle liggaamlik inspan, is gewoonlik liggaamlik sterker en het 'n groter fisiese weerstandsvermoë as hulle meer bevoorregte medemense. En mense met wie dit nie alles voor die

wind gaan ...../12

wind gaan nie en wat teleurstellings in die lewe ken, het in die reël groter geestelike weerstandsvermoë as hulle meer bevoorregte medemense.

Aangesien ons dan weet dat rykdom en weelde vandag by ons vinnig toeneem, sal ons moet sorg dra dat ons teen rykdom en weelde dieselfde weerstand sal hê as wat ons ouers teen armoede en ongerief gehad het. Een van die bekende staatsman-denkers van die verlede - ek meen dit was Benjamin Franklin - het eenkeer gesê: „The real test for our civilization is our resistance to fatigue." Weelde sal ons nie weerstand teen moegword gee nie, en as ons nie weerstand teen moegword het nie, sal ons bydrae tot die behoud van ons kultuur seer seker nie groot wees nie.

Laat ons nog net één gevaar van die oorwinning noem: 'n Valse gevoel van sekerheid. Hier het ons waarskynlik die grootste gevaar waarvoor die oorwinnaar te staan kan kom, en waarvoor die Afrikaner inderdaad vandag te staan gekom het.

As die stryd gestry en die oorwinning behaal is, dan is dit miskien maar net natuurlik dat die oorwinnaar tevrede met homself sal voel, dat hy selfvoldaan sal wees en 'n gevoel van gerustheid en sekerheid sal hê. Hy voel dat hy bereik het waarvoor hy lank, miskien jarelank, gestry het, en dat hy nou rustig en tevrede kan wees. 'n Volk wat deur jare van krisis gegaan het, en wat 'n lang en ernstige stryd volstry het, sal miskien net só voel.

Neem nou ons eie volk. Is dit vandag nie met ons - of met baie van ons - ook só nie? Hierop wil ek dadelik en geredelik antwoord: Ja, dit is só; daar is vandag baie van ons wat meen dat ons stryd verby is, en dat ons vandag seker van onsself en veilig kan voel. Hulle meen bv. dat die Afrikaanse taal erkenning gevind het en dat sy toekoms verseker is; dat ons Afrikaanse kultuurorganisasies hulle taak volbring het en vandag nie meer in 'n behoefte voorsien nie; en dat ons Afrikaanse sakeondernemings gevestig is en dus nie meer hulp nodig het nie. Die uitwerking van hierdie selfvoldaanheid sien ons dan ook elke

dag om ons heen: Afrikaners is nie meer so beslis en oortuig in hulle taalhandhawing nie; baie Afrikaanse organisasies, soos Kultuurverenigings, Reddingsdaadbondtakke en Skakelkomitees, het doodgeloop; en Afrikaners se ondersteuning van hulle eie sake-ondernemings laat veel te wense oor.

Ons moet wakker skrik. Ons moet besef dat ons nie in hierdie valse gevoel van sekerheid durf voortlewe nie. Ons moet weet dat, ofskoon ons 'n oorwinning behaal het, die toekoms nog glad nie vir ons verseker is nie. Ons moet weet dat die meeste van die ou kragte wat teen ons saamgetrek was, nog steeds daar is, en dat daar ook nuwes bygekom het. Ons moet weet dat die waaksaamheid en die stryd moet voortgaan, en dat die oorwinning in werklikheid maar 'n verposing is. As ons nie wakker skrik nie, sal ons in 'n gekkeparadys voortlewe; en as ons ons kom kry, sal ander ons verby gegaan het - wie weet, miskien nog die nie-blankes, wat vandag elke moontlike kans aangryp om hulle posisie te verbeter en wat stadig maar seker na vorentoe beur.

Dit is wonderlik watter lesse die Geskiedenis vir ons leer. Die trotse ou Romeinse volk het deur inspanning en deursettingsvermoë in die loop van 'n paar honderd jaar 'n Ryk opgebou, wat die hele beskaafde wêreld van destyds omvat het en wat 'n vérreikende invloed in die Geskiedenis uitgeoefen het. Maar toe die Romein sy grootste oorwinnings behaal het, toe hy ryk geword het en in weelde geleef het, het hy tot sy val gekom. Portugal het weer, aangevuur deur ondernemingsgees en godsdiensywer, die oseane van die aarbol gaan deurkruis en 'n groot, kosbare koloniale Ryk opgebou, wat ander hom diep beny het. Maar toe groot rykdomme van die Ooste na Portugal gevoer is, toe die Prtugees gemeen het dat hy so ryk en welvarend was dat hy niks te vrees gehad het nie, juis toe het daar onenigheid, bedrog en burgerstryd in Portugal gekom: mededingers het die Portugees weldra verby gegaan, en die grootheid en glorie van Portugal was iets van die verlede. Spanje het weer na die Weste gevaar, waar hy

'n Nuwe Wêreld ontdek en deur die ongeëwenaarde moed en deursettingsvermoë van sy onvergeetlike Conquistadores nuwe lande verower het wat groot skatte aan goud en silwer opgelewer het. Maar toe goud en silwer Spanje binnegestroom het, en toe rykdom en weelde die volk ondermyn het, juis toe het die son van Spanje begin ondergaan en was dit weldra met die grootheid van Spanje gedaan. Die Geskiedenis spreek luid tot ons; ons is treffend en duidelik gewaarsku.

Laat ons afsluit. Ons sien vandag dat die Afrikanervolk op kulturele gebied sy seëpraal beleef. Vir ons taal, vir ons onderwys, vir ons huisgesin, vir ons Kerk, en vir ons materiële en staatkundige vooruitgang dank ons die Here. Maar ons weet dat ons stryd nie volstry is nie, en dat die oorwinning sy gevare inhou, waarteen ons gedurig moet waak en optree. Ons sal ons toewyding en ondernemingsgees ongeskonde moet behou, ons sal ons nie deur weelde moet laat afstomp nie, en ons sal voortdurend teen 'n valse gevoel van sekerheid op ons hoede moet wees.

Kom laat ons as Afrikaners dit almal besef, en laat ons daarna handel. Kom laat ons met geesdrif en Godsvertroue vorentoe beur. Want dan sal ons die Afrikanerdom na 'n nuwe oorwinning voer, 'n oorwinning selfs groter en heerliker as dié wat ons nou beleef.

**********************